*Scriptura* 10 (1983) pp 1-18



# DIE PAULINIESE BEELD VAN DIE KERK AS BOUWERK VAN GOD

*J H Roberts*

*Abstract - The Pauline image of the church as God's building*

The article gives a short review of the Old Testament war language of breaking down (and plucking out) and building up (and planting) as symbolic of God's judgement and salvation, and points out how Jeremiah introduced it as an image for God's dealing with his people. This usage and its associated ideas are present also in the Pauline application of the building imagery in an ecclesiological sense.

Paul uses the image in an active and a passive sense, i e the action of building up the church and the idea of the church as God's building.

The process of building up the church is pre= sented as God's salvatory action (from a trinitarian perspective), but for which He uses as instruments persons specially gifted by the Spirit and all who are part of his building. The content of the building activity has a missionary as well as a consolidatory aspect: building up reflects both building new stones into the structure, and the inward strengthening of what already exists as God's building.

The image of the church as a building (struc= ture) strengthens the above-mentioned aspects and paints the picture of people existing to= gether on the basis of God's act of salvation in Christ and through the Spirit as messaged in the gospel.

The image thus pictures the church as God's organisation in which the service of specially gifted functionaries and of all members blend

> in order to bring salvation to unbelievers and to mutually strengthen each other. In all emerges the picture of a unitary church living under God's gift of salvation and the rule of the Lord and his Spirit in order to do service to God and his gospel.

* * *

Baie beelde en benaminge vir die kerk werk saam om die Nuwe-Testamentiese kyk op die kerk te vorm en te verduidelik. Hier word op een van die beelde gekonsentreer wat wye verspreiding geniet, ryk aan inhoud is, en ook in sy gebruik meermale raak=vlakke vertoon met ander beelde en benaminge vir die kerk.

Dit is die bedoeling om hier - ná 'n kort bespreking van die Ou-Testamentiese agtergrond van die beeld - 'n gesistematiseerde oorsig te bied van die Pauliniese aanwending van die beeld. Alhoewel hierby gestreef is na die vermyding van 'n al te teg=niese bespreking, word daar tog gepoog om die gebruik van die beeld in die verskillende kontekste eksegeties te verduidelik.

## *1 VOORKOMS IN DIE NUWE TESTAMENT*

Die gedagte van bouwerk kom in ekklesiologiese verband slegs een keer in die evangelies voor (Mt 16:18), enkele kere in Handelinge (9:31; 20:32), en ook in die eerste Petrusbrief (2:5,7). Vir die res is dit in die Nuwe Testament 'n Pauliniese aanwending wat veral in 1 en 2 Korintiërs, Efesiërs, en in 'n mindere mate in Romeine voorkom. Die enkele aanwending buite hierdie briewe (1 Ts 5:11) is inhoudelik arm. Hieronder sal dus gepoog word om die Pauliniese aanwending van die boubeeld as beeld vir die kerk aan die hand van die gegewens in genoemde vier briewe uiteen te sit.

## *2 DIE AGTERGROND VAN DIE AANWENDING*

Alhoewel die boubeeld 'n besonder wye gebruik in alle literatuur in 'n groot verskeidenheid verbande vertoon, is die tipies ekkle=siologiese aanwending daarvan by Paulus en elders in die Nuwe Testament duidelik deur die Ou-Testamentiese toepassing daarvan op die volk van God geïnspireer.

Voordat die bougedagte as beeld ten opsigte van die Godsvolk ge=bruik is, het bouterminologie reeds gefunksioneer om simbolies uitdrukking te gee aan God se heils- en onheilshandele. In die oorloggeteisterde Palestina van ouds het die afbreek van mure,

huise ens, net soos die uitruk van plante, die straffende on=heilshandele van Jahwe gesimboliseer (vgl Jr 23:5-9;31:28). Aan die ander kant het die opbou van die oorlogsruïnes en die herbeplanting van vernietigde landerye die seën van Jahwe se heilshandele gesimboliseer (vgl Jr 31:27-40; Am 9:12-15). By Jeremia word hierdie gedagtes beeldend op die Godsvolk oorgedra (vgl Jr 31:4; 33:7).

In positiewe sin gaan dit hier om die seën, die heil wat Jahwe vir sy volk bewerk (Jr 31:5-12). Sekere tipiese gesigspunte word hierby telkens duidelik: die eskatologiese aard van God se heilshandele (Jr 30:3,7,20,24; 31:1; 33:14); die beklemtoning van die getroue res wat in die heil sal deel (Jr 24:5-7; 31:2.7); die betrekking van heidene binne die seën van God se opbouwerk (Jr 12:14-17); die gedagte van instrumente wat Jahwe gebruik om sy opbouwerk tot stand te bring (Jr 1:10); hierby ingesluit besonderlik die siening dat 'n Gesalfde met die werk gemoeid is (Jr 33:14-26, vgl 33:7); die onvermydelike gedagte aan verbond=sluiting deur Jahwe en die menslike gehoorsaamheid as teenhanger daarvan, wat by die ervaring van die seën van God se opbouwerk as vereiste gestel word (Jr 31:28-33; vgl 18:7-10).

Dit is interessant om daarop te let dat die Nuwe-Testamentiese aanwending van hierdie beeld in die kader van die ekklesiologie nou juis ook telkens dieselfde gesigspunte wat in die Ou Testa=ment funksioneer in die konteks vertoon. Die besondere aard van die Nuwe-Testamentiese geskrifte bring egter wel 'n wysiging ten opsigte van gesigshoek te weeg:- In plaas van 'n Gesalfde as instrument, tree die Christologiese gesigspunt: hier het die Gesalfde die Here geword wat sy *ekklēsía* bou (Mt 16:18; 2 Kor 10:8); hier staan God en die opgestane Christus op een lyn as subjek van die bouwerk (vgl ook 1 Kor 3:9; Ef 4:11vv). Die eskatologiese aard van die bouwerk dra, alhoewel nog sterk voor=uitwysend na die toekoms, veelal 'n vervullingskarakter: die eindtyd is daar en die belofte van Messiaanse bouwerk het in ver=vulling gegaan. Daarom is dit nou reeds die tyd dat die heidene ingebou word in God se een gebou (bv 1 Kor 14:23vv; Ef 2:20vv). Daarom ook is die instrumente van die opbou hier die begiftigdes deur die Gees - die gawes van God en Christus aan die *ekklēsía* van die endtyd, wat sowel funksies insluit wat amptelike karak=tertrekke vertoon as die lede van die eindtydelike *ekklēsía* self (1 Kor 3:9vv; 14:3vv; 2 Kor 10:13vv; Rm 15:1,2; Ef 4:12).

Op hierdie gesigspunte sal daar op die volgende bladsye breed=voeriger ingegaan word.

## 3 DIE KERK AS BOUWERK VAN GOD BY PAULUS

Die aard van die beeld van bouwerk is sodanig dat dit in sowel aktiewe as passiewe sin aangewend kan word. In aktiewe sin gaan dit om die aksie van bouwerksaamheid; in passiewe sin om die gebou, dit wat deur die bouwerksaamheid tot stand gebring is. By Paulus word die beeld in albei hierdie beligtings aangetref.

### *3.1 Die kerk onder die beeld van bouwerksaamheid*

#### 3.1.1 God die Bouer en sy bouwerkers

Die gedagte wat in die Ou-Testamentiese tekste aangetref word dat God die Bouer van sy volk is, maar dat Hy Hom vir hierdie bouwerksaamheid van menslike instrumente bedien, is ook by Paulus voorhande. Soos in die Ou Testament, beteken by Paulus die feit dat mense betrek word by die bouwerk geensins dat dit daarom nie meer God se werk is nie. God bly steeds die Bouheer wat sorg vir die opbou van sy kerk.

Hierdie feit blyk baie sterk uit 1 Kor 1-3. Die gevaar van partyskappe voer Paulus daartoe om te beklemtoon dat die kerk nie Paulus s'n of Sefas s'n of watter mens s'n ook al is nie. Die kerk is God s'n en is God se saak. In die kerk gaan dit om God en om God se werk! Om hierdie saak te verduidelik, gryp Paulus na die beeld van plant en van bou. Paulus en Apollos is maar dienaars wat hulle werk verrig soos die Here dit vir elkeen gee om te doen (3:5). Dis soos plantwerk. Daar moet iemand wees wat op 'n keer plant; daar moet iemand wees wat op 'n keer natgooi; maar God alleen kan die wonder van groeikrag skenk. Op Hom kom dit alles aan (3:6vv). Daarom is die gemeente die werk van God. In vers 9 volg Paulus hierdie uitspraak op met die beeld van die kerk as die land waarop die groei plaasvind en, parallel daarmee, die bouwerk, die gebou wat God vir Homself op=gerig het, nl die kerk. Dit gaan hier om die arbeidsterrein van God - God is die Een wat sy kerk tot stand bring.

Ook in die brief aan die Efésiërs tree hierdie aspek op die voor=grond, maar hier word bouwerksaamheid van God aan sy kerk sterk trinitaries uitgebou. In 2:19-22 word 'n hele aantal beelde ver=meng. Twee hiervan word met God in verband gebring: hulle is huisgenote van God (vers 19), en hulle is 'n woning van God (vers 22). Die passiewe werkwoorde in hierdie verse laat ons verstaan dat dit hier gaan oor die werk van God en dat die genitivi in verse 19 en 22 ten minste óók dit inhou dat God aan die werk is om hierdie kwaliteite te verwerklik. Dit blyk ook uit die res van hoofstuk 2. Dit is God, ryk in barmhartighede, wat sy heil

vir sy kerk bewerk het deur die kruis van Christus (2:4 en 2: 11-18). Hierdie opbouwerk is onlosmaaklik verbind aan die werk van Christus en van die Heilige Gees soos dit reeds kan blyk uit vers 18. In die voorafgaande perikoop staan die heilswerk deur Christus verrig dan ook geheel en al sentraal.

Bowendien word in die beeldekompleks van 2:19-22 die opbouwerk direk betrek op Christus en op die Heilige Gees. Wat Christus se posisie in die kerk betref - Hy word genoem die hoeksteen van die gebou. Hierop gaan ons nie nou in nie, maar later wanneer gehandel word oor die kerk as gebou. Wat sy funksie betref in die program van bouwerksaamheid, is 2:21 van direkte belang: "... (Christus) in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here ...."

Op alle aspekte van hierdie teks kan hier nie ingegaan word nie. Ons wys slegs daarop dat die opbouwerk aan die kerk geskied in Christus. Hierdeur word die onlosmaaklike band beklemtoon tussen Christus se heilswerk in verbondenheid aan sy Persoon, en die voortgang in die kerklike opbou. God se seën kom tot sy kerk, ja, die kerk is slegs kerk, op die basis van en in verbon= denheid aan die heilsmiddelaar Jesus, God se Gesalfde. Die *in* in die uitdrukking *in Christus* lui 'n omstandigheidsbepaling in: onder dié omstandigheid alleen van verbondenheid aan Christus en sy heilswerk, word die kerk as eskatologiese volk van God die heil van God deelagtig.

Eweneens sluit die frase met 'n omstandigheidsbepaling, nl *in die Here*. Christus, die heilsmiddelaar, is vir Paulus die opge= stane en oorwinnende Heer (1:20vv). Nou is hier sprake daarvan dat die hele gebou verrys tot 'n heilige tempel in die Here, of= tewel, onder die omstandigheid dat Hy Here is, d w s onder sy bewind as Heerser. Twee sake is hier van belang: sy teenwoor= digheid as lewende Heer maak van die kerk 'n heilige tempel; en onder sy bewind as Heer word die bouwerk aan die tempel voltooi sodat dit besig is om te verrys as bouwerk van God tot op die dag dat dit voltooi sal wees.

Op dieselfde manier bring 2:22 die Gees van God ter sprake. In die bouwerk van God is ook die heidene besig om ingebou te word in die woning van God *in die Gees*, d w s onder die bepalende teenwoordigheid van die Gees. Ook hier tref ons 'n tweërlei perspektief aan: God is in sy Gees in die kerk teenwoordig en die teenwoordigheid van sy Gees maak van die kerk God se woning - dáár waar Hy tuis is, teenwoordig is; maar voorts is die teenwoordigheid van die Gees onontbeerlik vir die voortgang van die opbou - die wording van die woning is afhanklik van sy krags=

ontplooiing in die kerk.

Dit beteken dat daar tussen die Heerskap van Christus en die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees 'n allernouste band bestaan. Dit blyk ook uit hoofstuk 4 waar weer sprake is van die opbou van die kerk (4:12). Vir die voortgang van die opbou hier is die oorwinning van Christus van kardinale belang (4:8vv). Met die oog op die opbou het Christus bepaalde gawes gegee (4:11). So, in die Heerskap van Christus en sy regering, is God besig om die opbou van sy kerk te bewerk (vgl hier 1 Kor 12:28 vv; Rm 12:3). Maar die gawes wat Christus vir die uitoefening van sy heerskappy geskenk het, blyk die gawes van die Gees te wees (vgl weer 1 Kor 12; Rm 12).

Een van die baie belangrike uitvloeisels van Paulus se aanwen=ding van die beeld van die bouwerk hier, is dat daar in die kerk tussen amp en charisma nie skeiding gemaak mag word nie. Ook die ampte wat Christus gegee het (Ef 4:11) as instelling (ver=gelyk die aoristus) in sy kerk, staan in die kerk as geestes=gawes. As Hoof (4:15,16) regeer Hy oor sy kerk deur die beskik=baarstelling van die Gees se gawes sodat die geheel opgebou kan word.

Dit is uit hierdie al te kort oorsig duidelik dat ook vir Paulus die opbou van die kerk steeds saak van God is - die drie-enige God wat besig is om sy heil vir sy eskatologiese volk te bewerk.

Net so duidelik laat die stof egter sien dat God Hom in die opbou van sy kerk van menslike instrumente bedien. In die be=handeling van die voorafgaande het hierdie aspek reeds deurge=skemer. Immer is dit God wat die Godsvolk bou, en kom Hom alleen dus alle verering en verbondenheid toe, tog bou Hy deur die instrumentering van sy *diakonoi*, van sy medewerkers (1 Kor 3:5,9). Steeds moet in gedagte gehou word dat dit hier ten diepste gaan om 'n uiteensetting van die verhouding van God tot sy gemeente en die totstandkoming daarvan, en van die gemeente en diegene wat hier as dienaars en medewerkers aangedui word. Samevatting van hierdie verhouding word gebied in 3:9: "Immers, van God is ons die medewerkers, maar julle is die saailand van God, die gebou van God". Terwyl die gemeente as land en as gebou die arbeidsterrein is waarop God handelend werksaam is, vorm die dienaars 'n aparte kategorie, dié van medewerkers van God op hierdie arbeidsterrein (v 8a). Aan die een kant kom hier wel 'n teenoorstelling van die medewerkers teenoor die gemeente as uitvoerders van 'n amp namens God in die gemeente na vore. Aan die ander kant is alle vasklamping van die gemeente aan hierdie kategorie - om van die afsonderlike persone nie eers te

praat nie, aangesien hulle immers een kategorie vorm en nie teenoor mekaar gestel kan word nie - afgesny, want God is dit wat die gemeente in die lewe geroep het en die medewerkers is niks meer as dienaars wat met Hom in sy werk staan nie. Ook uit 3:10vv blyk dat die opbouwerk aktief verrig word deur "sommiges", en op die werk van hierdie mense gaan die volgende stuk beeldspraak nader in. Intussen is dit klaarblyklik dat tussen die bou van die Godsvolk deur God en die bouwerk van die dienaars geen spanning heers nie. Die bouwerk wat hulle verrig - dit is God se bouwerk. Vir die bou van sy volk, gebruik Hy hulle. Wanneer húlle bou, bou Hy sy volk. Met klem kom hierdie selfde gedagte van instrumentering ook na vore met ver=wysing na die opbouwerk in 2 Kor 10-13, waar Paulus optree (vgl 11:4vv; 13vv, 23) teen diegene wat hulle self probeer verander in apostels van Christus, terwyl hy sy eie amp van *diakonia* waarmee hy deur God van 'n opdrag voorsien is, verantwoord en sy gesag beklemtoon en sy maatreëls aankondig (10:13vv; 11:7; 12:11vv, 14vv; 13:2vv, vgl 12:9vv). Die Here het hom gesag verleen met die oog op die opbou van sy gemeente en nie met die oog op afbreking nie (10:8). Desnoods met gestrengheid sal hy van hierdie gesag gebruik maak, maar ook dan sal die opbou en nie die afbraak nie, die doel van sy gesagsuitoefening wees (13:10). Wanneer hy dan ook onderneem om sy gesag in die opdrag van Christus te fundeer, geskied dit tot opbou van die gemeente (12:19).

As ampsdraer met gesag van die Here, vervul Paulus sy opdrag om te bou en nie om af te breek nie. In die Naam van die Here, as instrument van God, bou Paulus die *ekklēsia* van God, maak hy deel uit van die eskatologiese beweging waarin God sy volk ver=samel en die toekoms daarvan verseker.

'n Duidelike parallel met die optrede van Jeremia is hier voor=hande. Nie alleen sluit die gedagte van instrumentering aan by Jr 1:10 nie, maar Paulus kan hier letterlik teruggryp na Septua=ginta-terminologie. In Jr 1:10 word Jeremia deur die Here aange=stel, van opdrag voorsien oor nasies en koninkryke om te ont=wortel, om om te ruk, te vernietig, om op te bou en te plant. Hiér ontvang Paulus van die Here sy opdrag om te bou en nie af te breek nie.

Maar Paulus sien die instrumentering deur God vir die opbou van die *ekklēsia* nog wyer. In 1 Kor 14 blyk dit dat die charisma=tici in die gemeente hulle gawe ontvang het met die oog op die opbou van die gemeente. Teenoor die tongespreker met sy beperkte betekenis, word veral die profeet gekenskets as in sy profetiese verkondiging gerig op die opbou van die gemeente. Aangesien ons

hier veral by die profete te doen het met 'n spesifieke groep mense binne die gemeente kan dit op die oog af voorkom asof die gemeente as sodanig dan tog nie by die opbou betrokke geag word nie. Tog lei die gegewens hier verder as 'n beperking tot "amptelike" instrumentering. Hierdie opbou kan selfs ook deur die instrumentering van die tongespreker geskied, nl wanneer hy deur iemand geïnterpreteer word (14:3vv, vgl vers 17). En wat meer is, Paulus spoor die gemeentelede self aan om hulle te beywer met die oog op die gawes, en daarmee, met die oog op die opbou van die gemeente (14:1, 12, 26). Maar ook in die daaglikse lewe moet die gemeente (-lede) self sorg dat hul op= trede van so 'n aard is, so deur die liefde bepaal is, dat hulle daardeur bydra tot die werk van opbou (1 Kor 8:1; 10:23vv; Rm 14:19; 15:2). Ook die gemeente en die gemeentelede is betrokke by die opbou van die gemeente en staan so in lyn met, in diens van, God se werk van opbou.

Die heilshistoriese opbou van sy volk verrig die Here deur die instrumentering nie alleen van die gevolmagtigde representant, die apostel, nie, maar ook van die voorgangers in die gemeente, en ja, van die gemeente self. Deur verkondiging van sy woord en deur 'n lewenswandel in die weg van die liefde, bou sy in= strumente sy eskatologiese volk. In die gang van Gods heils= handele met sy volk, word die volk self opgeneem. In hom en deur hom voer God sy heilshandele uit.

In die brief aan die Efésiërs word, soos reeds aangetoon, die trinitariese fundering van die opbou sterk beklemtoon. Aan die ander kant word juis ook in hierdie brief die instrumentering van God se bouwerksaamhede op besondere wyse beklemtoon. Ons het reeds daarop gewys dat in Ef 4 Christus die oorwinnende Heer geteken word as Gewer van gawes aan die gemeente en dat ons hier met 'n institusionele, amptelike aspek te doen het. Ons gaan hier nou nie verder daarop in nie, maar wil aandag skenk aan die gemeente self as instrument van sy eie opbou.

In dié verband kan na 4:16 verwys word. Hierdie vers bied min of meer 'n opsomming van die gedagtes wat in 4:11-15 vervat is en kan soos volg vertaal word: "... (Christus) uit wie die hele liggaam, goed saamgevoeg en saamverbonde deur al die gewrigte wat die voorsiening van voedsel vir die liggaam behartig, met die oog op sy eie opbouing in liefde die groei van die liggaam bevorder, in ooreenstemming met die bydrae wat elke lid lewer volgens wat hy kan".

Hoe moeilik hierdie vers ook al mag wees, is vier sake hier duidelik:

(1) die opbou as einddoel word bereik kragtens die verbonden= heid aan Christus uit wie allêên groei moontlik is;

(2) die gewrigte wat die lede byeenhou, is die kanale waardeur die voorsiening van Christus by die lede uitkom;

(3) die lede van die liggaam lewer elk sy bydrae tot die opbou van die liggaam; en

(4) gewrigte en lede saam, die hele saamverbonde liggaam, is besig om te werk vir sy eie opbou in liefde.

Hierdie vierderlei konklusie word ook teruggevind in die vooraf= gaande gedeelte van die perikoop. Tans is ons veral in verse 11 en 12 geïnteresseerd. Die verstaan van hierdie verse lewer groot probleme op. Die *Hy het gegee* in vers 11 word gevolg deur drie preposisionele bysinne wat die beste verstaan word wanneer hulle opgeneem word as ongekoördineer, en wel op so 'n manier dat die laaste telkens afhanklik is van die voorafgaande. Dit beteken dat (1) Christus die "ampte" gegee het om die lede op te lei; (2) die opleiding verskaf word met die oog op 'n diens wat die lede (die heiliges) moet verrig; (3) die diens van die lede gemik is op die opbouing van die liggaam van Christus, die kerk.

Ook hier is die feit dat Christus Hom vir die opbou van sy kerk van die lede van die kerk, ja, van die hele kerk self as instru= ment bedien, duidelik aan die orde.

3.1.2 Die dubbele inhoud van die beeld

Met dit wat tot dusver gesê is, is dit duidelik dat die boubeeld vir Paulus heilshistories bepaald is. Hierdeur is die inhoud daarvan in sy algemeenheid reeds aangedui. Deur sy heilshisto= riese handele is God besig om sy eskatologiese volk te versamel en met sy heil te begunstig en daarmee ook die toekoms daarvan as sy volk seker te stel. Maar as handelende God is Hy werksaam deur sy instrumente - sowel besondere persone en voorgangers in die gemeente, as die gemeente self. Tans is die vraag na die nadere presisering van hierdie heilshistoriese opbou van die Godsvolk. Kan daar ook vasgestel word waaruit hierdie heils= historiese opbouwerk in die praktyk bestaan, watter elemente dit in homself verenig?

Langs deduktiewe weg kan hierin tweërlei aspekte aangetoon word. Die opbou resulteer in 'n bestaande grootheid, in die versamelde Godsvolk, die vergadering daarvan (passief) dus; en tegelyk dui dit op 'n grootheid wat hom nog in wording bevind, sien dit dus weer op die aktiwiteit van die versameling daarvan. Die heil= same handele van God met sy volk is in die Ou Testament direk

verbind aan die feit dat Hy sy eskatologiese res-gemeente uit die ballingskap as bestendige vergadering (Jr 30:20) voor Hom stel, sy volk dus versamel rondom die kultus van sy verering. By hierdie versamelde eskatologiese volk hoort ook die vereer=ders uit die heidendom wat hulle by Jahwe skaar. Maar die heils=handele bestaan nie slegs in die byeenbrenging van hierdie volk nie; dit bestaan eweneens uit die bestendiging van hierdie volk as die Godsvolk van die toekoms. Wat die Here byeengebring het, dit voorsien Hy ook van sy heil, dit verskaf Hy voortgaande sy eskatologiese toekoms, dit konsolideer Hy! Hierdie twee aspekte - byeenbrenging (wat in die Nuwe Testament sending be=teken) en konsolidering - word deur die boubeeld uitnemend tot uitdrukking gebring. Hier hoef egter nie volstaan te word met 'n dergelike deduksie nie, aangesien die stof self duidelik in dié rigting wys. Hierby moet daarop gelet word dat die twee aspekte waarom dit hier gaan, nie van mekaar geskei kan word nie. Beide is aspekte van die een heilshistoriese werksaamheid, die daarstelling in die geskiedenis van die *ekklēsia* aan wie die heilstoekoms toebehoort. Daarom is dit ook opmerklik dat wanneer Paulus die oog het op een van hierdie aspekte, byna altyd die ander ook om die hoek loer.

In 1 Kor 3 word die aandag bepaal by die sentrale gedagte van die heilshistoriese boubeeld. Die Godsvolk is God se werk. By hierdie werk beskou Paulus homself en Apollos as medewerkers van God. Met die heel algemene beeld van fondamentlegging en die verdere bou daarop, wat hier vanweë die inkorporering daarvan in die heilshistoriese gedagtegang egter met dieselfde pregnansie gevul word, gaan hy dan verder in op die werkverhouding van die medewerkers. Self het hy, danksy die begenadiging om medewerker te mag wees, die begin van die werk daargestel. Ander egter, veral Apollos, het hierdie werk kon voortsit. Nou tref dit so dat die begin van die werk wat deur Paulus verrig is, die resul=taat van sy sendingwerk was. Hy het Christus verkondig en daar=mee die enigste fondament gelê waarop "gemeente" gebou kan word. Hiermee het die lê van die fondament egter nog nie geword tot tegniese term vir Paulus se sendingwerk en die voortbou daarop insgelyk tot tegniese term vir die konsolidering van die deur sendingwerk gestigte gemeente nie. Immers, van Paulus sowel as van Apollos geld dat hulle dienaars is deur wie die Korintiërs gelowig geword het. Dus moet ook die voortbou van Apollos (en ander) tot inhoud 'n missionêre aspek gehad het. Op die aspek van konsolidering word deur Paulus hier nie ingegaan nie. Nêrens blyk wat die presiese inhoud van die voortbou was nie, sodat die vraag of hiermee ook die konsolidering bedoel is, nie sonder meer positief te beantwoord is nie. Tog ontbreek hierdie aspek nie geheel en al nie, omdat die bouwerksaamheid (ook al is

alléén sending bedoel) van blywende waarde moet wees en dus 'n gevestigde grootheid voorveronderstel.

Anders staan die saak in 2 Kor 10-13. Hier is die mikpunt klaarblyklik die bevestiging van die apostel se gesag oor die gemeente as bestaande grootheid. Sy amp het hy, anders as die valse "apostels", van God (10:1vv; 13vv; 12:14; 13:3) en tensy die gemeente tot inkeer kom, sal by sy beplande besoek blyke van sy gesag gelewer word in gestrenge optrede. Alles dui op konsoliderende werk wanneer hy in 13:10 vermaan tot inkeer omdat sy opdrag is die opbou van die gemeente en nie afbreking nie. Intussen is ook die moeite wat hy hom getroos het om hulle van sy gesag te oortuig en hierdie gesag te bevestig, sy hele maanrede, ingegee deur die verlange dat die gemeente ge=bou sal word. In hierdie uiteensetting val die klem van Paulus se opbouwerk sonder twyfel op sy konsolidering van 'n gemeente wat deur sy sendingwerk gestig is (vgl 12:19). Tog kom hier eweneens duidelik na vore dat vir hom "opbou" óók beteken dit wat hy deur sy sendingwerk doen, m n in 10:7vv. Deur die valse apostels word geroem op 'n standaardlose maatstaf wat aan hulle=self ontleen is. Sou Paulus ook wil roem, sal sy roem nie bespot kan word nie, omdat hy sy ampsgesag meet, toets, aan die maatstaf wat God vir hom gestel het: dié norm dat hy ook nog die gemeente van Korinte met die evangelieverkondiging kon bereik het (vers 13). Met ander woorde dat Paulus die evange=lie nog aan die Korintiërs kon verkondig het, hulle as sendeling die heil van God kon meedeel, moet volgens hom deur die gemeente van Korinte as bewys erken word van sy ampsgesag namens die Here. En hierdie ampsgesag wat hy namens die Here uitoefen, is deur die Here gegee tot opbou en nie tot afbreking nie van die Korin=tiërs (10:8). Dat Paulus van God die gesag het om die *ekklēsía* te bou, is duidelik te sien in die resultaat van sy sendingwerk: die totstandgekome gemeente. Deur sy sendingwerk het Paulus die *ekklēsía* gebou.

Indien in hierdie laaste geval veral die sendingwerk die inhoud van die boubeeld bepaal, blyk onmiddellik weer dat die konsoli=deringsgedagte nie uit die oog verloor is nie. Sy tweërlei ver=wagting is dat hy sy maatstaf, wat God vir hom gestel het, mag oortref deur ook verder as Korinte nog sendingwerk te doen; maar ook deurdat die geloof van die Korintiërs gaan toeneem, wat weer slaan op hul konsolidasie (vgl 10:15). Ook hierdeur sal hy sy *kanōn* oortref, die maatstaf ter toetsing van sy gesag om die *ekklēsía* te bou. Opbou van die eskatologiese Godsvolk beteken die totstandbrenging daarvan in die geskiedenis sowel as die bevestiging daarvan, of om dit met 'n ander beeld te sê: die groei daarvan.

Ook waar die gemeente subjek is van die opbou, tree hierdie selfde samehang van konsolidering en byeenbrenging van die Gods=volk op. In 1 Kor 14 wys Paulus die oorbeklemtoning van die glossolalie af as van geringe waarde in die kultusbyeenkoms van die gemeente omdat, hoewel dit 'n goeie middel is om die persoon self wat die tongespraak beoefen, op te bou aangesien hy met God praat, dit vir die gemeente van geen waarde is nie (14:2, 4, 17). Daarteenoor stel hy die profesie as uitnemend geskik vir die op=bou van die gemeente (14:3vv; vgl ook vers 13). Die feit dat dit hier gaan om die versamelde gemeente, bring meteen die besef na vore dat die vermaning en bemoediging wat daar van die pro=fesie uitgaan, ten doel het die konsolidering van die gemeente. Duidelik blyk dit uit die vermaning om te streef na oorvloedige rykdom wat die geestelike gawes betref, omdat hierdie oorvloed die opbou van die gemeente bevorder (14:12).

Wanneer *idiōtes* in vers 16 - anders as in vers 24 - eenvoudig die betekenis sou hê van: oningewyde, een wat die tongespraak nie kan begryp nie, dui ook hierdie vers op die konsolidering van die gemeente. Die "ander een" in vers 17 dui dan op die nie-begrypende lid van die gemeente (kollektief bedoel), dus op dié deel van die gemeente wat dit aanhoor sonder om daar iets van te snap, en wat daarom ook nie opgebou word nie, nie beves=tig, versterk, vermaan, bemoedig word nie. Hierdeur ontvang die gemeente as sodanig ook geen opbou nie.

Indien in vers 16 *idiōtēs* egter dieselfde sin het as in vers 24, moet dit ook in die lig daarvan uitgelê word. Maar daar is niks wat ons dwing om in vers 16 aan te neem dat dit oor nie-Christene handel nie. Wel kan dit daar 'n ruimer betekenis hê as die "nie-begrypende Christen" en slaan op almal in die vergadering wat nie begryp nie. Hiervan sou vers 24 dan 'n verbesondering wees - die besonder skerp voorbeeld van die geval van 'n nie-Christen wat die erediens meemaak. Dat dit so verstaan moet word, is die aan=neemlikste.

Ondanks die deurgaanse klem op die konsolidering, word ook die sendingaspek in hierdie hoofstuk pertinent na vore gebring deur=dat Paulus ter verduideliking van die probleem, 'n besonder toege=spitste voorbeeld aan die orde stel in vers 23vv. Die gemeente het byeengekom. En daar kom - 'n normale praxis?! - oningewydes of ongelowiges binne. Hiermee word nie twee kategorieë bedoel nie, maar een. Teenoor die in vers 16 breed bedoelde *idiōtes*: al diegene wat tongespraak nie verstaan nie, word die *idiōtai* hier besien as ongelowiges. Dit gaan dus om ongelowiges wat die same=koms van die gemeente bywoon. Niks in dié verband laat dink aan 'n tussengroep van half-Christene, wat tussen die gemeente en die

ongelowiges staan nie.

Die binnekoms van 'n ongelowige in 'n gemeentebyeenkoms waar die een tongespraak op die ander volg, het tot resultaat dat so iemand van die gemeente af weggedryf word. Kom hy egter binne waar geprofeteer word, word hy hom van sy sonde en verlorenheid bewus, en kom tot kragdadige bekering omdat hy besef dat God in die gemeente teenwoordig is, en aanbid hy God (14:24vv)! Op dié wyse word die gemeente deur profesie opgebou (14:26)! Die missionêre betekenis hiervan is voor die hand liggend. Ook waar die gemeente self aan sy opbou werk, slaan dit op sowel die kon=solidering van die gemeente as op die versameling van heidene tot die gemeente, op die versameling van die Godsvolk. Wil die erediens van die gemeente opbouend wees, moet beide hierdie as=pekte tot hul reg kom.

In 1 Kor 8-10, waar eweneens sprake is van die gemeente as sub=jek van die opbou, dui die verband op 'n inhoudelike bepaaldheid van die opbou wat eintlik staan op die grens tussen die konsoli=dering en die sendingaspek. Die lewenswandel van die gemeente=lede teenoor mekaar moet beheers wees deur die norm van liefde teenoor mekaar, want slegs so, deur liefde te betrag, bou hulle die *ekklēsia* (8:1; 10:23vv). Wie sterk is in die geloof, moet dus liefdevol die behoeftes in ag neem van wie swak is, nog maar pas bekeerd (8:9vv; 9:22; vgl 10:33) en al te geneig om deur die heidense praktyke steeds eksistensieel aangegryp te word (8:7). Die sterke se deelname aan dergelyke praktyke mag die val van die swakke beteken (8:11). En hierin bestaan geen opbou van die gemeente nie, maar afbreking.

Waar die swakkes kennelik reeds by die gemeente hoort, het opbou hier die sin van konsolidering. Aan die ander kant hou Paulus so reëel rekening met 'n terugval in die heidendom dat hy oproep tot so 'n houding teenoor die swakkes dat hulle gered kan word (8:11; 10:33; 11:1). Van hieruit besien, staan die opbou eerder in die verlenging van die sendingwerk waardeur hulle tot geloof gekom het. Daarom kan Paulus ook by wyse van voorbeeld oor hoe daar dan wel opgetree moet word in belang van die swakkes op ongedwonge wyse verwys na sy eie sendingwerk waarin hy die belang van hulle wat gered moet word, bo alle eiebelang gestel het (9:1 vv, en veral 9:19-23). Ons staan hier op die grens tussen sending en konsolidering waar dit moeilik is om te bepaal wat sendingwerk is en wat konsolidering is. In elk geval blyk ook hier dat opbou van die gemeente met beide hierdie aspekte te make het.

Min of meer dieselfde resultaat kom by 'n ondersoek van Rom 14:

19; 15:2 aan die lig. Die verband wys hier wel nie op pasbe=keerde heidene wat nog stryd voer om die regte insig met be=trekking tot die afgode en afgodsoffers nie, maar tog op pas=bekeerdes. In 14:19 het ons streng gesproke met 'n individuele verband en nie met 'n ekklesiologiese te doen nie (vgl ook 1 Ts 5:11). Wat opgebou moet word, is die broers. Maar die werk van God is in die gedrang en so is tog ook die ganse gemeente daarby betrokke (14:20). In elk geval kom ook hier die konsoliderende aspek op die voorgrond, en omdat dit persone betref wat opgebou word, en nie die gemeente nie, kan die beeldspraak hier nie 'n missionêre konnotasie dra nie. Maar in hoofstuk 15 word die saak meer algemeen gestel. 'n Lewe wat die goeie vir die naaste in betragting bring, word vereis met die oog op opbou (15:2). Meteen word dan na Christus verwys wat ook Homself nie behaag het nie, maar bereid was om smaad te verduur en verneder te word en so die beloftes van God waar te maak en te bevestig - waardeur ook die heidene God oor sy barmhartighede sal verheerlik (15:3vv). Soos Christus Homself nie behaag het nie en daardeur die heidene die lof van God leer verkondig het, so moet ook die gemeentelede hulself nie behaag nie met die oog op opbou. Dit is duidelik dat die sendingaspek ook hier aan die opbou nie vreemd is nie.

Die boubeeld in Kol 2:6vv is suiwer op die konsolidering van die gemeente gemik. Deur die heilsame handele van God gewortel in Christus, moet hul lewenswandel blyke gee van voortgaande opbou, van versterking in die geloof. (Let op die afwisseling van *perfectum* en *praesens*!)

Op twee verbande in Efesiërs word ten slotte gewys. Die klem wat Ef 2:20vv dra, is dat die gemeente besig is om opgebou te word as bouwerk van God en dat die heidene nou ook in hierdie bouwerk saam opgebou of saam ingebou word. Vir sover die ge=meente as sodanig hier onder die aspek van opbou betrek word, as 't ware besig is om te groei tot 'n tempel van God, d w s onder bewind van die Here die kwaliteit van tempel verkry, het ons hier met konsolidering te doen. Maar by die volk van God (sy tempel, bouwerk) word die heidene *bygebou*. Duidelik het ons hierdan tog ook met die missionêre aspek van die opbou van die kerk te doen.

Oor Ef 4:13-15 bestaan daar meningsverskil. Ek meen dat vers 13 missionêr verstaan moet word en verse 14 en 15 konsoliderend. Dat verse 14 en 15 konsoliderend opgeneem moet word, word nie betwis nie; wel dat vers 13 'n na buite gerigte funksie sou aandui. (Vgl Roberts 1963, 169vv; Ridderbos 1966, 486, n 17).

Deur die gegewens word bevestig wat aan die begin as deduksie

gestel is. Die opbou van die Godsvolk het te doen met die by=eenbrenging van hierdie volk van die toekoms, sowel as met die konsolidering daarvan met die oog op die volk se toekoms. Op=bou as heilshistoriese beeld, het tot inhoud die kwantitatiewe daarstelling van die Godsvolk in sy historiese uitbreiding deur die versamelingswerk van die sending, sowel as die kwalitatiewe verdieping van dit wat in die geskiedenis byeengebring is. Kwantitatief of kwalitatief - God se werk is dit, hierdie opbou van sy volk. God se werk, maar Hy doen dit deur sy instrumente in die gemeente, ja, Hy doen dit deur sy gemeente self!

### *3.2 Die Kerk as gebou van God*

Oor die twee perikope waar Paulus die kerk as bouwerk of gebou van God skets, sou baie lank gehandel kon word. Hier word egter slegs kortliks daarna verwys.

1 Kor 3:9vv is ekklesiologies nie so belangrik soos Ef 2:20vv nie. Wat eersgenoemde betref, het ons reeds op enkele aspekte gewys. Dis alleen nog belangrik om daarop te let dat Paulus die beeld van 'n gebou se konstruksie hier nie aanwend om ons iets oor die "konstruksie", die "opgeboudheid" van die kerk te leer nie, maar eerder om op die allesoorheersende belang van Christus vir die kerk te wys. As bekwame bouheer het Paulus die fondament gelê. "Fondament" is hier nie aangewend by wyse van 'n sinspeling op die posisie wat dit in die gebou inneem nie, maar as 'n tydskategorie. By bouwerksaamheid word die fonda=ment eerste gelê. So het Paulus deur sy missionêre werksaam=heid die "eerste werk" gedoen, nl toe hy die evangelie van redding deur Christus aan hulle verkondig het. Later het andere die werk kom voortsit.

In Ef 2:20-22 staan die saak anders. Die kerk as gebou van God word hier as gestruktureerde geheel geteken. Daar is 'n hoek=steen, 'n fondament en boustene. Die bedoeling is onder andere om hierdeur die posisie van persone in die kerk prinsipieel te bepaal. Christus is die hoeksteen. Dit dui Hom aan as die basis van waaruit alle opbou aan die Kerk onderneem word. Sonder die hoeksteen wat in antieke tye werklik 'n wesenlike funksie vervul het, stort fondament sowel as mure ineen. Hierdeur word Christus as Bewerker van die heil, as eerste prinsipe van die kerk gestel.

Die apostels en profete is die fondament. Dis my standpunt dat *profete* hier, sonder om 'n streng onderskeid tussen Ou- en Nuwe-Testamentiese profete te tref, tog die fokus rig op die Ou-Tes=tamentiese profete wat saam met die apostels die draers van die

Woord van God is. Die apostels is die gevolmagtigde gesante van Christus met die opdrag om as gevolmagtigde getuies van sy heilswerk (sy lewe en kruisiging en opstanding) op te tree as waarborge vir die suiwerheid van die evangelie. Op die Woord van God soos verteenwoordig deur apostels en profete word die kerk gebou en groei die tempel en woning van God na sy vol= einding toe. Dit is duidelik dat in hierdie gestruktureerdheid van die kerk gegewens vervat is wat onder andere die teologie van die amp dien en wat nader uitgewerk behoort te word.

Die boustene is diegene wat aan Christus verbonde is en die punt van die beeldspraak is om dit bo alle twyfel te stel dat die heidene in hierdie eskatologiese tyd deel uitmaak van die Godsvolk - vir sover hulle deelgekry het aan Christus. Die een eskatologiese volk van God, sy bouwerk, bestaan uit Jode en heidene wat aan Jesus die Gesalfde behoort. Hier is dit duidelik dat lidmaatskap van die kerk slegs deur hierdie vraag bepaal mag word.

## *4 KONKLUSIES*

Die beeld van die kerk as bouwerk lewer 'n pertinente bydrae tot die Pauliniese ekklesiologie. Die volgende punte dien enigsins om die bydrae van hierdie beeld aan te stip:

1 Die beeld vestig die aandag op die feit dat die kerk die resultaat is van die heilshistoriese werksaamheid van God, Jesus, en die Heilige Gees. Vir Paulus is die kerk altyd God se werk aan diegene wat aan Christus verbonde is en deur Hom as sy eskatologiese volk versamel word. Die boubeeld dien uitnemend daartoe om hierdie feit te verduidelik. As bouwerk van God is die kerk God se woning waar Hy tuis is en sy tempel waar Hy vereer word. Tot die einde toe is God, die Heerskappyvoerder en die Heilige Gees onvermoeid besig met die bouwerksaamheid wat tot die voltooiing van die gebou lei.

2 Vir sy bouwerksaamheid gebruik God instrumente wat bestaan uit sowel besonderlik deur die Gees begiftigde persone asook alle lede van die kerk, die hele gemeenskap van diegene wat by sy bouwerk ingebou is.

3 Die bouwerksaamheid vertoon die dubbele aspek van missionêre uitbreiding en 'n na binne gerigte versterking van die lede van die kerk. Opbou beteken sowel dat ongelowiges tot die geloof gelei word en so ingebou word in die bouwerk, asook

dat gelowiges in hulle geloofsbelewenis versterk word.

4 Dit alles bring mee dat die kerk as God se bouwerk enersyds 'n religieuse instelling is onder beheer van die Heerskappy=voerder en sy Gees, maar andersyds 'n sosiologiese grootheid is met 'n bepaalde organisasiepatroon waarin bepaalde Gees=begiftigdes in 'n amp teenoor die geheel staan met die taak om die geheel op te lei tot 'n geestelike werksaamheid waar=deur God se bouplanne uitgevoer word.

5 Die beeld beklemtoon die eenheid van die kerk. Net soos daar vir Paulus slegs een volk van God is, en net een liggaam van Christus is, is daar ook slegs een bouwerk van God waarin alle gelowiges ingebou is. Aparte kerklike strukture vir afsonderlike groepe van gelowiges is vir Paulus net so ondenk=baar as dat Jesus afsonderlik na elke groep of volk of wat ook al sou moes gaan om vir hulle afsonderlik gekruisig te word. Die een "Grootkerk", die een volk van God, liggaam van Christus, bouwerk van God, gaan vir Paulus vooraf aan watter plaaslike organisasie van gelowiges ook al, en oefen teologies direkte invloed uit op die aard en definisie van die kerk se plaaslike gestalte.

Prof J H Roberts
Departement Nuwe Testament
Unisa
Posbus 392
0001 PRETORIA

## *GESELEKTEERDE LEESLYS*

Obrist F 1961 *Echtheitsfragen und Deutung der Primatstelle Mt 16, 18f in der deutschen protestantischen Theologie der letzten dreissig Jahre.* Münster: Aschendorffsche Verlags=buchhandlung.

Minear P S 1960 *Images of the church in the New Testament.* London: Butterworth.

Pfammatter J 1960 *Die Kirche als Bau - eine exegetisch-theo=logische Studie zur Ekklesiologie der Paulusbriefe.* Roma: Gregoriana.

Ridderbos H 1966 *Paulus - ontwerp van zijn theologie.* Kampen: Kok, 479-543.

Roberts J H 1963 *Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief*. Gronigen.

1975 Wat is die kerk? in Eybers, I H; König, A; Borchardt, C F A (reds), 1975: *Teologie en vernuwing*. Pretoria: Universiteit van S A, 58-84.

1979 Die kerk as liggaam van Christus, in Viljoen, A C (red), 1979: *Ekumene onder die Suiderkruis - 'n bundel opstelle ter erkenning van die pionierswerk van Ben Marais in die Suider-Afrikaanse konteks, aan hom opge=dra in sy sewentigste lewensjaar*. Pretoria: Universiteit van S A, 92-106.

Schnackenburg R 1982 Die Kirche als Bau: Epheser 2:19-22 unter ökumenischer Aspekt, in Hooker, M D; Wilson S G 1982: *Paul and Paulinism - essays in honour of C K Barrett*. London: SPCK, 258-72.

Schnider F & W Stenger 1972 The church as a building and the building up of the church. Static and dynamic features in a set of images of the church, *Concilium* 80, 21-34.